**3 April**

Skrifgedeelte: Matteus 27:45–56
Fokusgedeelte: Matteus 27:54

# Mense reageer op Jesus se sterwe (2)

Eergister het ons Judas Iskariot se verraad en Petrus se verloëning oordink. Dit was voor sy sterwe. Vandag oordink ons die reaksie van die Romeinse wag ná sy sterwe. Die magtige tekens met Jesus se sterwe het hulle baie bang gemaak – duisternis drie ure lank in die middag, die tempelgordyn wat van die verkeerde kant af geskeur is, ’n aardbewing, grafte wat oopgaan en dooies wat opstaan. Wat sou hulle daarvan dink?

Hierdie soldate het nog skaars ses ure tevore van Jesus ’n karikatuurkoning gemaak, met pers mantel, doringkroon en stoksepter; hulle het Hom bespoeg en oor die kop geslaan; ’n mengsel van wyn en gal gegee, sy hande en voete aan ’n kruis gespyker en sy klere onder mekaar verdeel. Dit is wat mens van hulle sou verwag, daarvoor was hulle tog betaalde staatsamptenare! Dan, meteens, die ommeswaai: offisier en soldate bely: “*Hierdie man was werklik die Seun van God”* (vs 54).

Hoeveel keer het dit nie al in die geskiedenis van God se koninkryk gebeur nie – spotters wat bidders word, loënaars wat begin bely, heidene wat die lig sien. Oral in die wêreld, in jou werksomgewing, in die gemeente. Waarskynlik weet elkeen van ons wat hier lees van so ’n radikale ommekeer in iemand se lewe. Hoe gebeur dit, hoe is dit moontlik? Deur Jesus Christus se mag! Wanneer sy Gees ’n mensehart omdraai na God, kan niemand dit keer nie!

En wat beteken sy mag vir ons wat Hom reeds ken en liefhet? Wanneer jy beproef word, siek is, jou werk verloor het, moedeloos raak, weet jy waar en hoe om sy mag te vind? Sy mag is sy teenwoordigheid in sy skepping, sy “stilte”, sy tekens (doop en nagmaal), sy offer. *“Op daardie oomblik”* – toe Hy sterwe – het al daardie magtige tekens plaasgevind en het heidense soldate Jesus as Seun van God bely (vs 50, 51).

Sing: Efesiërs 3 (Skrifberyming 15-1:1-4)

Ds Johan Botha (Laeveld)